BYBEL-MEDIA

Jou 2015-Bedieningsvennoot

Nuusbrief 12/2015

Lees in die Kerkbode van 24 Julie

…hoe Stefaans Coetzee, die Worcester-bomplanter, in die tronk vir Jesus Christus leer ken het en nou sê versoening is die hooftaak van sy lewe.
Daar is ook 'n verhaal oor 'n bekende ekonoom wat weekliks op Gordonsbaai vir die bergies kerk hou en nog een van 'n huis in Rustenburg waar mense wat afhanklik is van dwelms God se liefde leer ken deur dit aan te gee na ander mense.

Lees ook van:

- Joshua na die reën, 'n sanger wat nie gospel sing nie, maar wie se liedere uit 'n Christelike bodem kom.
- Ons vertel van kinders van Piketberg (en elders) wat die kerk in Zimbabwe help met Bybels.
- Die NG Kerkfamilie se bande met 'n kerk in Nigerië en van verhoudinge met die res van die NG Kerkfamilie in Afrika.

Augustus-uitgawe van LiG... vrouwees!

In die Augustus-uitgawe van *LiG*, vier ons vrouwees. Gretha Wiid, Hettie Brittz, Melinda Bam en ander vroue praat oor geloof, hoop ... en vrouwees. Ons vra ook wie die knap vrou van Spreuke 31 nou regtig is.

Ons gesels met Beyers Truter oor die genade van vreugde en verlies. En gee raad vir die struikelblokke wanneer jou geliefde bipolêr is.

Lees ook:

- Het jy 'n witbroodjie, ma? Só kan jy regverdig wees.
- Kenners gee raad as jou slim tienerdogter se punte daal.
- Banting vir jou baba? Hier is die ABC van babavoeding.
- Kry ook meer besonderhede in die Augustus-uitgawe oor *LiG* se skryfkompetisie.

Jongste Bybelkor-publikasies:

Brief aan doopouers - Willie Jonker

(Herdruk van die gewilde publikasie is pas weer herdruk)



Hierdie brief is spesiaal gerig aan julle as ouers, om te help dat julle beter kan verstaan wat by die doop gebeur. Neem, lees sodat die doop van jul kindjie julle met vreugde teenoor God kan vervul, en julle dankbaarheid teenoor Hom laat toeneem.

Prys: **R30,00** (BTW en posgeld ingesluit)

Leef uit jou doop - Christi Thirion

Hoe die doop ons help om saam met Jesus te leef

Hierdie gids vir **hoërskool-leerders**, wat oor ses weke strek, is spesifiek ontwerp om jongmense te help om twee dinge met hulle doop te doen:

- om uit hulle doop te leef – om alles wat die doop uit genade vir hulle gee, te ontvang en te gebruik.
- om hulle doop uit te leef – om te doen waartoe hulle doop hulle uitdaag en roep.

BYBEL-MEDIA

Jou 2015-Bedieningsvennoot

Leef uit jou doop help jongmense om die lewende God op 'n nuwe manier te leer ken – die God in wie se Naam hulle gedoop is en in wie se teenwoordigheid hulle elke dag leef.

Die jongmense gebruik twee tools om oor hulle doop en die betekenis daarvan vir hulle en hulle lewe na te dink – die Lectio Divina en daaglikse nadenke.

Hierdie boek oor die doop vir jongmense sluit aan by Bybel-Media se reeks van drie doopboeke vir volwassenes: ***Ontvang wat vir jou gegee is; Ontvang wat vir jou gegee is: 40-dae-program,* en *Ontvang wat vir jou gegee is: Kleingroepgids.***

Prys: **R45,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Hoe die doop ons help om saam met Jesus te leef



Ons weet nie altyd hoe om die doop en die betekenis daarvan vir ons jong kinders te verduidelik nie. Deur die ses avonture wat Lisa en Timmy beleef, ontdek **laerskool-leerders** prakties wat die doop vir hulle in hulle lewe beteken. Hulle leer ook hoe hulle doop hulle help om elke dag saam met en vir Jesus te leef.

Om die betekenis en waarde van die doop by hulle vas te lê, is daar by elke avontuur 'n Bybelvers om te onthou; Wat leer ons?; 'n Gebed om te bid.

Heel agter in die boek is 'n **inkleurprent** en plek waar die kinders hulle eie prente kan teken.
'n Storieboek wat die betekenis van die doop vir kinders op 'n prettige manier verduidelik sodat hulle dit sal onthou.

• Hierdie boek oor die doop vir kinders sluit aan by Bybel-Media se reeks van drie doopboeke vir volwassenes: ***Ontvang wat vir jou gegee is; Ontvang wat vir jou gegee is: 40-dae-program,* en *Ontvang wat vir jou gegee is: Kleingroepgids.***

Prys: **R45,00** (BTW en posgeld ingesluit).

Die keuses wat ek maak - Chris Harris

ToekomsVenster-reeks vir Stiltetydgids

45 dagreise oor die kuns van die lewe

Ons woon in 'n wêreld wat steier onder die gevolge van verkeerde keuses. Keuses vir die heersende wêreldkultuur belowe opwinding, voorspoed en roem, maar misluk klaaglik om hierdie beloftes na te kom. Die toenemende chaos rondom ons is 'n klinkklare bewys hiervan.

Met die 45 dagreise in hierdie boek herinner Chris Harris jou dat God 'n morele kode in sy liefdesgebod veranker het: Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Die liefde behoort daarom die vertrekpunt te wees van alle besluite wat ons neem.

Dit help gemeentes, groepe en individue om te fokus op die uitdagings wat ons nou en in die toekoms sal moet hanteer. Dit lei gelowiges op 'n pad van genesing terwyl hulle oë gerig is op die wêreld waarvoor God so lief is.

***Die keuses wat ek maak* sal jou lewe verryk, jou meer insig in die kuns van die lewe gee en jou onwankelbaar in God se onfeilbare Woord anker.**

PRYS: **R105,00** (BTW en posgeld ingesluit).

BYBEL-MEDIA

Jou 2015-Bedieningsvennoot

A Cloud of witnesses - Breda Ludik & Rob Clarke



Just like the very first believers, we are trying every day to figure out how to live like people knowing Jesus.

There are, however, many voices influencing us. Some are threatening us, others are tempting us, and still others are misleading us. As other believers throughout the ages, we do not always know what we should do.

Again and again we try to discover what living faith means. If only we could become more conscious of the cloud of witnesses surrounding us! They will give us direction in our choices. These biblical characters and post-biblical characters will encourage us to run the race of faith with determination.

Through the six studies in this group guide you will explore the lives of biblical characters and historical figures. You will discover what you have in common with them. You will see how you too, hand in hand with these witnesses, can live with your eyes fixed on Jesus, the author and perfecter of your faith.

Each study leads to dialogue about the connection between the lives of the biblical character and the historical figure.
• This dialogue brings new insight in and possibilities to our spiritual lives.
• These studies are best suited for use by groups of 8 to 10 people.

Price: **R55,00** (VAT and postage included).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit ’n koue Wellington.

Hans Steyn
Bybel-Media
E-pos: hans@bmedia.co.za
Tel: 021 864 8223